Jongensfontein Inwonersvereniging
JIV
P O Box 86
Jongensfontein 6675

# JONGENSFONTEIN INWONERS VERENIGING (JIV) NUUSBRIEF VAN DIE VOORSITTER APRIL 2023.

**Hartlike groete aan alle JIV-lede.**

**In hierdie eerste nuusbrief vir 2023 wil ek graag alle lede inlig oor die aktiwiteite van die JIV oor die afgelope 5 maande.**

**Soos gewoonlik was Jongensfontein 'n gewilde bestemming vir baie besoekers verlede Desember. Die woonwapark en alle gastehuise was ten volle beset en die Kersmarkstalletjies en pannekoekbak wat die JIV gereël het, het besonder goed byval gevind. Die jaar het afgesluit met die tradisionele Lanternloop en entoesiastiese deelnemers, veral kinders, wat Jongens se strate deurkronkel het, saam met die "Royal Crusaders Brass" orkes onder leiding van Arnold.**

**Vanjaar se Paasmark op 8 April, het ten spyte van dreigende reën, op 'n reuse sukses uitgeloop met 68 stalletjies en nóg 'n uitmuntende pannekoek bak.**

**'n Spesiale woord van dank aan Celezte Nel wat vir tien jaar die toekenning en betaling van stalletjies behartig het, 'n taak wat nie altyd waardeer is nie. Karlin Arlow het goedgunstiglik ingewillig om die taak oor te neem, wat aan Celezte 'n welverdiende ruskans gee. Tydens die afgelope Paasmark het dié twee rolle verwissel en Karlin het die vuurdoop deurstaan en kalm, dog bekwaam die leisels oorgeneem. Naas Palmer het altyd die stalletjies uitgemeet en Riaan van der Spuy het hierdie taak oorgeneem en dit absoluut professioneel bemeester. 'n Opregte woord van dank aan almal wat betrokke was by hierdie jaar se Paasmark.**

**Die JIV-komitee het 2022 afgeskop met verhoogde heffings om ons reserwe fondse te stabiliseer en so die infrastruktuur van Jongensfontein in 2023 verder te verbeter.**

**'n Groot deel van wat op die program beplan is, is reeds afgehandel:**

**1. <u>Herbou van braaigeriewe.</u>**

**'n Totaal van elf openbare braaiplekke word langs die Jongensfontein kuslyn aangetref. Al elf is herstel of herbou teen 'n koste van net oor die R50 000 en almal is nou so goed soos nuut. Die werk is gedoen deur Kallie Willemse van KW Marketing Homes Bk.**

**2. <u>Aankoop- en oprigting van naamborde:</u>**

**Die JIV het 19 naamborde sover in 2023 teen 'n koste van R25 000 aangekoop en opgerig. Hierdie naamborde sluit in dié van die nuut benoemde wandelpaadjies en verskeie kennisgewingborde. Ons is ook tans besig om die groot Natuurreservaat-bord aangrensend aan die pad van Skilpadsingel na die natuurreservaat, te vervang. 'n Hartelike dank aan Riversdal Toyota vir hul mildelike donasie van R7350,00 wat ons in staat gestel het om dit te doen.**

**3. <u>Aankoop- en installasie van 4 kameras by die Museum en Biblioteek.</u>**

**Die JIV het 4 kameras aangekoop en betaal vir die installasie daarvan by die volgende strategiese punte:**

**3.1 Een binne die biblioteek.**
**3.2 Een wat 'n groot deel van die rondaweldak van die biblioteek dek. Gedurende vakansie tye is die dak al verskeie kere deur vandale geteiken.**
**3.3 Twee verdere kameras dek die ingang- en agterkant van die Museum.**

**Die totale koste hiervan was R6500,00.**

**Drie verdere projekte word tans op kwotasiebasis met KW Marketing Homes beding, te wete:**

**<u>Herstel van die "Suiderkruis-pad" na die Swemgat.</u>**
**In sy huidige toestand is die pad potesieel onveilig en ons het Kallie gevra om te kwoteer vir die groot herstelwerk, insluitende die vervanging van die houttrappe aan die boonste punt van die pad.**

**<u>Verbetering- en uitbreiding van die publieke stortgeriewe in Strandstraat.</u>**
**Die enkele stort in Strandstraat is onvoldoende, aangesien daar geen plaveisel is of hangers vir handdoeke of geriewe vir die afspoel van branderplanke is nie. 'n Kwotasie is aangevra om hierdie verbeterings aan te bring en werk sal begin sodra 'n finale kwotasie aanvaar is. Ons bedank een van die lede van die JIV vir sy donasie om hierdie opgradering moontlik te maak.**

**<u>Herstel- en verf van die kinders se Klim & Klouterplek in Seebrieslaan.</u>**
**'n Nutsman sal hierdie taak in Mei aanpak. Verf en ander verbruiksmateriaal van R1500 is reeds aangekoop.**

**Ten slotte wil ek u aandag op die volgende 3 belangrike sake vestig:**

**Vesel WiFi verbinding.**

**Dit is vir my aangenaam om te berig dat die werk reeds begin het. Soos dit met burokratiese projekte gaan, is dit nie 'n eenvoudige situasie waar net Maatskappy X die werk verrig nie. In hierdie geval het Hessequa Munisipaliteit 'n tender van Telkom aanvaar wat hulle filiaalmaatskappy, Openserve, gebruik om toe te sien dat die werk deur die subkontrakteur, Ubuntu, voltooi word. Die werk sal na verneem word, binne 52 dae afgehandel wees.**

**Buurtwag**

**Vir die afgelope paar maande het ek gepoog om 'n eenvoudige Buurtwagstelsel te loods. Dit bestaan uit 'n Administrateur en twee koördineerders, een Oos en een Wes. Vir die volgende drie redes was dit egter vir my duidelik dat hierdie oorvereenvoudigde benadering nie voldoende is nie vir toekomstige veiligheid nie:**

- **Die polisie erken nie die model as 'n "Buurtwag" nie.**
- **Jongensfontein word derhalwe nie ingeskakel by die sekuriteitsnetwerk van Stilbaai en Melkhoutfontein nie.**
- **Die invloei van werklose trekarbeiders vanaf die Oos-Kaap na Melkhoutfontein verhoog en is rede tot kommer.**

**Ek is van voorneme om die saak binne die volgende tien dae met sleutelpersone in Jongensfontein te bespreek en daarna aan u te berig.**

**Maandelikse Mark**

**Die Munisipaliteit het aan ons toestemming verleen om 'n maandelikse mark op die betonplatform en grasperk langs die biblioteek te hou. Die tema van die mark is "*Jongensfontein Kook*". Stalletjies sal verkoop en toegewys word soos met die Kers- en Paasmark. Huurders van stalletjies sal toegelaat word om enigiets van groente, vrugte, konfyt, blatjang, ingelegte kossoorte ens tot voorskote en oondhandskoene te verkoop - solank dit te doen het met "*KOOK*".**

**Laastens, my hartlike dank aan die twee uiters bekwame en toegewyde lede van die JIV komitee, Celente Ellis en Denise Maré. Hulle hanteer die finansies en sekretariële take van die JIV en ondersteun die JIV met vars idees, aksieplanne en harde werk. Dankie dames ... julle is sterre.**

**Vriendelike groete**
**John Wills**
**Voorsitter**

**NS. Ons het dringend hulp nodig om lanterns te bekom vir vanjaar se Lanternloop. Dit word in Sjina vervaardig en ons sukkel om 'n verskaffer te kry. Ons gebruik die papier maché model wat met 'n gloeilampie en 2 x AAA batterye werk.**